Jeug-wat-bid: Die *10/40 Venster* oopmaak?

Daar is 65 lande in die gebied wat die *10/40 Venster* genoem word. Dit strek vanaf Noord-Afrika oor die Midde-Ooste, Sentraal-Asië, Sjina en Indië tot by Japan. Ongeveer 80% van al die armste mense en ongeveer 90% van al die mense wat nog nie met die evangelie bereik is nie en die grootse nie-Christelike godsdienste van die wêreld (Hindoeïsme, Boeddhisme, Islam) woon hier. In hierdie 65 nasies is daar baie min sendelinge en hulle werk in baie moeilike omstandighede onder baie vervolging. In sommige plekke is daar een sendeling wat die evangelie aan 200 000 mense moet bring. Dink aan 'n pastoor met 'n gemeente van 200 000 lidmate en nie een ken vir Jesus nie, sommige van hulle haat jou as sendeling en wil niks van Jesus hoor nie en die meeste van hierdie mense het nog nie die Naam van Jesus een maal in hulle lewens gehoor nie! Daar is miljoene kinders wat in die *10/40 Venster* woon en net soos hulle ouers ken die meeste van hulle nie vir Jesus nie. Baie sendelinge word benodig in die *10/40 Venster* om mense van Jesus te vertel. Een van die belangrikste dinge wat jy kan doen, is om vir die mense wat daar woon **in te tree.**

Kom ons maak die venster oop…

Hoe? Ons moet die venster oopmaak deur volhardende gebed en intersessie.

Wat vra ons vir die Here? Dat ons meer sendelinge, Bybels, Christelike boeke, kassette en die *JESUS Film* soontoe kan stuur. Dat ons meer radioprogramme sal kan opneem. Bid dat Jesus Homself deur drome en visioene aan hierdie mense sal openbaar. Miskien is die Here besig om jou te roep om na die *10/40 Venster* as sendeling te gaan! Bid dat elke persoon wat daar woon graag meer van Jesus sal wil weet, harte sal hê wat gereed is om Hom aan te neem en ander Christene sal soek wat hulle sal help groei in hulle verhouding met die Here.

Hoekom? Hierdie mense is sonder Jesus, sonder hoop, hulle gaan nie hemel toe nie. Miljoene arm mense leef in verskriklike onmenslike omstandighede en in baie lyding. Nóg hulle omstandighede, nóg hulle godsdiens gee vir hulle enige hoop.

Vir wie? Bid vir die mense in die *10/40 Venster*, hulle leiers en veral vir die vrouens en die kinders wat baie swaar kry. Bid vir die Christene in die Venster wat uit hulle families geskop word en hulle vriende en werk verloor omdat hulle in Jesus glo. Sommige van hulle lewens is in gevaar. Die regerings laat nie godsdiensvryheid toe nie en maak die lewe vir die Christene baie moeilik. Bid vir die plaaslike kerke wat in die meeste gevalle in baie moeilike omstandighede leef.

Wie nog? Vir die sendelinge. Dat hulle veilig sal wees en gesond sal bly, geen probleme met die regering sal hê nie, goeie verhoudings met die mense sal hê en geleenthede sal kry om die evangelie met die mense te deel.